

Preek Jan Steyn 2 Junie 2019 Opening Pinkster

Geloofsgewoontes

Teks: 1 Timoteus 4:7 en 8 en Markus 1:32-39

Inleiding: Wat is geloofsgewoontes?

Gestel daar is eendag klop aan jou deur terwyl jy met oudste t-shirt sit en TV kyk met groot pak Nik Naks in jou hand. Jy gaan maak die deur oop en hier staan twee vreemde mans wat jy van geen kant af ken nie. Ons is van die Nasionale Olimpiese komitee. Ons was op soek na iemand om Suid-Afrika by die volgende Olimpiese Spele in die maraton te verteenwoordig. Ons het statistieke van baie mense op rekenaar wat as vrywilligers toetse by ons sentrum vir sportwetenskap kom doen het. Jy was ses jaar terug as skoolkind een van daardie vrywilligers en ons data bepaal dat jy die man is wat getoets is wat die beste kans staan om vir ons 'n medalje in die maraton by die volgende Olimpiese Spele te wen. Ons gaan jou in die span sit.

As die mense weg is, is jy stom verbaas. Al waar jy die laaste paar jaar gehardloop het, was tussen die yskas en die rusbank. Maar na jou aanvanklike skok begin jy droom jy staan tussen die wêreld se beste marathon atlete. Jy begin droom snags hoe jy op daardie podium staan en hoe die mense vir jou juig. Hoe jy afbuk om die goue medalje te ontvang. Jy begin jouself opwerk: Dit is my tyd en my oomblik hierdie. Dis waarvoor ek gebore is! Dit is my groot kans in die lewe! Die wedloop begin jou gedagtes oorheers- dit word die sentrale fokus van jou bestaan.

Dan tref dit jou: Op die oomblik kan jy nie 'n maraton hardloop nie, al probeer jy hoe hard. Jy sal jou lewe aan 'n oefenprogram moet wy om dit wat klaar aan jou gegee is verder te neem.

Om te oefen is nie net waar van sport nie, jy het ook geestelike oefeninge of geloofsgewoontes nodig om in jou geloof te kan groei en die volle vrug van wat die Here klaar in jou geplaas het ten volle te kan beleef.

Wat is geloofsgewoontes?

Geloofsgewoontes is presies dit: gewoontes of oefeninge wat ontwikkel is om ons karakter en innerlike lewe of siel te ontwikkel, te laat groei en sterker te maak. Sommige geloofsgewoontes soos stilte en afsondering werk na binne en ander soos diens en omgee word in verhouding met ander mense gedoen en werk dus na buite.

Die grootste rede vir geloofsgewoontes is in hierdie woorde: **It is learning how to order our loves. Partykeer is die liefdes of prioriteite van ons lewe op verkeerde plekke.** Geloofsgewoontes soos eenvoud en diens plaas dit op die regte plekke.

Ronell Bezuidenhout skryf die **inoefening van geloofsgewoontes is nie om beter te word nie, dit is om eerliker te word.** Dit is nie om reg te kry of een of ander geestelike prestasie nie. Dis is om gestroop te word. Dit is nie om 'n sterker en meer indrukwekkende gelowige te wees nie, dit is om sekere dinge uit te trek. Om maskers af te haal en pretensie of voorgee agter te laat. Om te begin sien hoe selfgerig my lewe eintlik is of geword het.

Geloofsgewoontes **wys ons ongebalanseerde lewe aan ons uit.** Dié wat altyd besig is, moet leer om in stilte en afsondering te gaan. Die wat net met hulself besig is, moet leer om by ander mense en by diens aan ander betrokke te raak.

Ek wil vandag met julle praat oor twee geloofsgewoontes wat gewoonlik saam gaan: Stilte en afsondering.

Hoekom het ons hierdie twee geloofsgewoontes van stilte en afsondering nodig?

Ons lewens en programme is gejaagd: hoe besiger jy is, hoe moeiliker kan jy God se stem hoor.

Ons harte is gejaagd- emosies hardloop met ons weg. Bang, kwaad of hartseer.

Ons gedagtes is deurmekaar en oorlaai- te veel goed gelyk deur ons koppe.

Ons verhoudings ly skade oor nie innerlike vrede en tevredenheid het nie

Ons het vals idees oor onself : oorskot of onderskat ons vermoens of belangrikheid.

Ons lewe gefragmenteerd- God is add-on. My geestelike lewe vs gewone lewe

Stilte:

In stilte sluit ons onself af van klank- of dit nou geraas of musiek of woorde is. Dallas Willard beskryf hierdie geloofsgewoonte van silence so: **Not speaking in a quiet place in order to quiet our minds and whole self and attend to God's presence.** Die waarheid is egter ons vrees stilte. Ons chatty society (praterige samelewing) met al die geraas elke dag om ons het ons bang gemaak vir stilte. As jy as predikant mense regtig ongemaklik wil maak, laat mense in kerk paar minute stil raak. Almal begin kriewel en wonder: wanneer kry dit nou eendag klaar? Ons vrees stilte, want as ons stil raak, kom daardie gedagtes by my op wat ek wil vermy. Daardie mense met wie ek nie vrede wil maak nie of nie wil vergeef nie. Hoe oppervlakkig of ondankbaar my lewe is as by my opkom wat ek praat en dink. Oor wat ek obsessies en hang-ups het. Richard Foster skryf een rede waarom dit vir ons so moeilik is om stil te raak en stil te bly, is omdat dit ons magteloos laat voel. Ons is so gewoond daaraan om op ons woorde staat te maak om ander te oorheers en te beheer. As ons stilbly, wie sal beheer oorneem? God sal dit doen, maar voordat ons Hom nie vertrou nie, sal ons Hom nooit toelaat om beheer oor te neem nie. Stilte is daarom baie nou verwant aan vertrou.

Die geloofsgewoonte van stilte gaan nie oor eerstens oor stilbly nie, dit gaan eerstens oor luister na God. Dis wat Dallas Willard se woorde to attend to God's presence beteken. Hoekom sal ons dink in hierdie kommunikasie met God is die gehoorstuk net aan die hemel se kant- dat God met ander woorde net na ons kan luister. Die gehoorstuk is ook aan aardse kant- God kan en wil ook graag met Sy kinders praat.

Jesus self het baie van stilte en afsondering gemaak. Ons het dit vanoggend in Markus 1 gelees. Hy het na hierdie eensame, waarskynlik stil plek gegaan en daar gaan bid. Jesus het hierdie tye van stilte en afsondering nodig gehad om hierdie verhouding met Sy hemelse Vader te handhaaf. Toe die dissipels Hom kom roep, weet Hy wat om volgende te doen. Hy gee nie toe aan die versoeking van almal wat hom op daardie plek soek nie- Hy beweeg saam met Sy dissipels aan na die volgende dorp toe.

Afsondering:

Ons dink soms hieraan verkeerderlik as me-time. Tyd vir myself om weer my batterye te kan herlaai weg van ander mense en my daaglikse verantwoordelikhede. Maar dis nie bedoel om die stoeltjie aan die kant van die bokskryt te wees waar jy bietjie kan rus en jou spiere masseer kan word sodat jy weer reg is om die geveg van die daaglikse rotte resies te betree nie. Afsondering gaan nie oor alleen wees nie, dit gaan oor alleen saam met God wees.

Vir die ou Christelike woestynvaders en moeders van die eerste eeu by wie ons hierdie twee geloofsgewoontes veral geleer het, was afsondering die plek van bekering, waar ek sterf aan die vals self en die nuwe self al meer gebore kan word. Die vals self staan op drie bene: wat ek het, wat ek doen (my prestasies) en wat ander van my dink. Henri Nouwen skryf in afsondering raak ek ontslae van my steierwerk (my scaffolding). Dis die goed waarmee ons onself stut, waarmee ons onself baie keer valslik oortuig dat ons belangrik is of dat alles reg is. Dis nou mense se versekering dat sonder my die span of projek sal misluk, die e-mails of whats-apps wat my laat glo hoe onmisbaar en belangrik ek vir ander is. Daardie radio of musiek of you-tube videos wat heel tyd moet speel sodat ek nie alleen voel nie. Sodat ek tog net nie met myself gekonfronteer moet word nie.

Die laaste paar jaar vind ek meer en meer die behoefte aan afsondering- soms by my lessenaar, soms deur ver ente alleen langs die see of met my hond te gaan stap omdat ek 'n slaaf is van mense se goedkeuring. In afsondering besef ek al wat saak met is God se goedkeuring wat Hy in Christus klaar aan my gegee het. Ek het in tye van afsondering geleer ek is nie net 'n slaaf van mense se goedkeuring nie, ek vrees ook mense se kritiek of verwerping. Afsondering is scary- here I am cut down to size. Ek besef hier my eie werklike grootte of liever kleinheid, maar ek besef ook weer God se werklike grootheid. Dit stel my lewe weer in Goddelike perspektief. Dallas Willard noem afsondering: a terrible trial, want dit ontmasker ons valse sekuriteite. En dan die kern van dit alles: **We can only survive solitude if we cling to Christ there. And yet what we find of Him in that solitude enables us to return to society as free persons.** John Ortberg skryf oor hierdie vry wees wat afsondering bring: Dit is die teenvoeter vir die betowering van 'n besige lewe.

Henri Nouwen het my een van die belangrikste dinge geleer oor afsondering of solitude: **The goal of life is not people. It is God. Only in Him shall we find the rest we seek. It is therefore to solitude we must return time and time again.**

Twee wenke: As jy nie gewoond is aan hierdie geloofsgewoontes van stilte en afsondering nie, begin klein, begin by vyf of tien minute per dag. Mens groei oor tyd in hierdie geloofsgewoontes in. Dit help ook as jy iets het waarin jy kan skryf wat jy in hierdie stilte en afsondering beleef of gehoor het.

Slot: Waarop loop stilte en afsondering uit?

Wat is die opbrengs of uitkomst van stilte en afsondering? Dallas Willard help my hiermee: **The point of your time in solitude and silence is to do nothing and don't try to make anything happen. Here you stop doing, stop producing, stop pleasing people, stop entertaining yourself, stop obsessing- stop doing anything except to simply be your naked self before God and be found by Him.** Daar is dus geen uitkomst of doel om te bereik nie. Tog op hul eie kan hierdie twee geloofsgewoontes ook baie selfgerig raak en net weer oor my en my ervarings gaan. Daarom deur die werk van God se Gees sal ek deur die beoefening van hierdie twee geloofsgewoontes na ander geloofsgewoontes op hierdie baie natuurlike manier oorgaan.

Ek wil afsluit met wat Marie Britz, predikant van Stellenbosch by die Wes-Kaap Sinode een oggend met stiltetyd gedeel het met die vergadering: In stilte en afsondering met God ontdek ek my diepste identiteit in Christus en ontvang ek wat God my wil gee. Dan kan ek mag weggee en in broosheid eerlik wees oor myself. Wat meer is, is dit waar ek geaktiveer word vir diens. Stilte en afsondering lei tot aksie- aksie wat uitdrukking gee aan my roeping as kind van God en dissipel van Jesus.

Stilte wat nie in gesprek oorgaan nie of afsondering wat nie in diens oorgaan nie, is net nog 'n vorm van selfverryking (Ronell Bezuidenhout)

Geloofsgewoontes of geloofsdissiplines is nie een of ander vorm van straf nie. Dis eenvoudig gewoontes of dissiplines wat my help om met die vrug van die Gees te leef. Dis deel van God se genade en kan daarom eenvoudig genademiddele genoem word. Dis soos wat **Dietrich**

Bonhoeffer ons geleer het: **Gelukkig is hulle wat weet dat dissipelskap eenvoudig die lewe is wat spruit uit genade en dat genade eenvoudig dissipelskap is.**

Amen